A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za

Ons waarde vir die maand: Lojaliteit

24 Augustus 2021

Beste ouer / voog

Entrpreneursdag 27 Augustus 2021

Die Graad 7 leerders bied 'n entrepreneursdag aan Vrydag 27 Augustus 2021. Leerders gaan die geleentheid gebied word om hulle te ondersteun deur die loop van die dag. Leerders moet met hulle tasse skool toe kom en mag gewone klere aantrek.

Die entrepreneursdag sal tot en met 12:00 aanhou, waarna die Graad 7's die terrein gaan opruim. Die skool sal dan om 12:30 uitkom. Ons versoek dat u asseblief die nodige reëlings sal tref om u kind betyds by die skool te kom afhaal. Daar sal egter toesig wees tot en met 13:30.

Die kunsklasse sal dus vervroeg word met 'n uur en sal om 12:30 'n aanvang neem.

Lentedag 3 en 4 September 2021

Ons herinner u aan ons Lentedag op 3 en 4 September 2021. Leerders wie R 50.00 vir Vrydag betaal, sal Saterdag vir R 20.00 kan deelneem. Slegs leerders wie deelneem mag gewone klere aantrek op Vrydag. Leerders moet met hulle tasse skool toe kom. Dinsdag 31 Augustus sal 'n Vrydagrooster gevolg word en Vrydag 3 September 2021 sal 'n Dinsdagrooster gevolg word. Sien asseblief toe dat leerders daarvolgens inpak, aangesien die 2 dae net omruil.

Aangesien dit 'n groot fondsinsameling vir ons skool is, doen ons 'n beroep op u om die skool te ondersteun en die inligting wyd en syd te versprei.

Daar sal heerlike eetgoed te koop aangebied word. Die tye is tussen 9:00 – 13:00. Dis skool sal om 13:30 uitkom.

Vissiegroete

Selma Marx
Skoolhoof

A.G Visser Straat 1
Rensburg
1439

Tel: 016 341 2631 / 6143
Faks: 016 349 5836 / 086 635 8449
e-pos: admin@lsagvisser.co.za
www.lsagvisser.co.za